# Jy is spesiaal

’n Baie bekende spreker het sy seminaar begin deur ’n nuwe R50 noot in die lug te hou. In die saal was 200 mense teenwoordig terwyl hy vra, “Wie wil graag die R50 noot hê?”

Hande begin op te gaan in die gehoor.

Hy sê, “Ek gaan die R50 noot aan een van julle gee, maar laat my eers toe om die volgende te doen.” Hy gaan voort en frommel die R50 noot op sodat dit sleg en gekreukeld voorkom.

Hy vra toe, “Wie wil steeds die R50 noot hê?”

Steeds is die hande van die gehoor in die lug.

“Wel,” antwoord, “Wat daarvan as ek dit doen?” En hy gooi die R50 noot op die vloer en trap en vryf die noot met sy skoen in die vuiligheid op die vloer.

Hy tel die noot op, nou erg verfrommeld en vuil. “Nou, wie stel nog belang in die R50 noot?” Steeds is die hande in die lug.

“Vriende, julle het almal vandag ’n waardevolle les geleer. Maak nie saak wat ek gedoen het met die geld nie, julle het steeds daarin belang gestel want die noot het nie enige van sy waarde verloor nie. Dit was steeds R50 werd. Baie keer in ons lewens word ons verfrommel, laat val en in die grond in getrap deur besluite wat ons gemaak het en omstandighede wat oor ons pad kom.

Dit voel of ons nutteloos is, sonder enige waarde. Maar maak nie saak wat het gebeur nie of wat sal nog met jou gebeur nie, jy sal nooit waarde verloor nie.

Jy is spesiaal – Moet dit nooit in der ewigheid vergeet nie!”